# BOEKBESPREKING

**Dr. W. Balke, CALVIJN EN DE DOPERSE RADIKALEN, Uitg. Ton Bolland, Amsterdam, 1973. Sagte band. Prys ongeveer R11,75.**

In hierdie dissertasie van 388 bladsye, wat ingedien is by die Rijksuniversiteit van Utrecht, behandel die skrywer 'n onderwerp van groot belang vir die studie van die reformatoriese kerkgeskiedenis: Calvyn se houding teenoor en kritiek op die (weder-)dopers. Sy (Calvyn se) standpunt teenoor Rome is deur verskillende navorsers in 'n verskeidenheid van geskrifte uitvoerig behandel; hier bied dr. Balke 'n ander aspek van die reformator se stryd: dié teen die anabaptiste.

Die studie val uiteen in 'n historiese en 'n sistematiese deel. In eersgenoemde deel distilleer die skrywer uit alle beskikbare geskrifte van Calvyn sy standpunt met betrekking tot die dopers. Van Roomse kant en van owerheidsweë is die Hervormers en die dopers in dieselfde hoek geskuif. Nou toon Balke duidelik aan dat Calvyn sy stryd op twee fronte moes voer: teen die Rooms-Katolieke Kerk sowel as teen die dopers. Om net een voorbeeld van lg. te noem: in die 1539-uitgawe van sy Institusie wy Calvyn 'n hoofstuk aan die verhouding tussen die Ou- en Nuwe Testament en daarmee lê hy die fundament vir die verdediging van die kinderdoop. „Christus is het ‚fundamentum baptismi' en ook het ‚fundamentum circumcisionis'. De belofte is in beide gelijk, nl. de belofte van de barmhartigheid des Heren, van de vergeving der zonden en van het eeuwige leven. De kinderen delen in het Verbond, zowel in het Oude als in het Nieuwe. En als zij deel hebben aan de zaak waarom zal men dan het teken weigeren?" (bls. 102.)

Ook oor onderwerpe soos die aflegging van die eed en perfeksionisme, waarin die dopers dwaal, stel Calvyn sy standpunt ondubbelsinnig. In verband met laasgenoemde sê hy dat die kerk 'n ‚corpus permixtum' is. „Tot op de dag van het laatste oordeel zoeken zij tevergeefs een zuivere en reine kerk" (bls. 119). Jesus toon dit aan in die gelykenisse van die visnet, die onkruid in die koring (Matt. 13) en die kaf en die koring op die dorsvloer (Matt. 3). Ook die groot sondes wat daar in die gemeente van Korinthe voorkom, is vir Paulus geen rede om te adviseer dat die lidmate hulle om dié rede daarvan moet afskei nie. Waar nodig moet die tug toegepas word, maar altyd in liefde. „Als deze gematigdheid niet nauwkeurig betracht wordt, is er het gevaar dat wij in een helse tucht vervallen en in plaats van verbeteraars tot beulen worden" (bls. 123). Terloops, al hierdie en ander aanhalings uit Calvyn se werke verskyn in Latyn of in Frans in voetnote op dieselfde bladsy waar die Nederlandse vertaling voorkom.

Vervolgens behandel Balke Calvyn se optrede teenoor die dopers in die periode 1538-1564, soos blyk uit die 1543-uitgawe van die Institusie, verskillende geskrifte en briewe. In sy saamvatting van die eerste hoofdeel kom Balke o.m. tot die volgende konklusie: „Calvijn laat zijn theocratische aanspraken gelden over de volle breedte van het gehele leven in de Kerk en in de staat. Juist het theocratische en katholieke gehalte van zijn denken brengt hem er toe zich af te zetten tegen Rome én tegen de doperse beweging, die hij als een stremming ziet in de doorwerking van de Reformatie" (bls. 217).

Besonder waardevol is die sistematiese deel van hierdie dissertasie. Onder die hoof „De heiligheid en de eenheid van de Kerk" word die volgende behandel: die Heilige Doop, die tug, separatisme, die amp en perfeksionisme. Op bls. 259 sê Balke: „Calvijn blijft in puritanisme niet bij de Dopers achter, maar hij zet de dingen op hun plaats. De heiliging bloeit uit de rechtvaardiging op en verdringt deze niet, want de triomf der genade en de glorie van Christus' volkomen gerechtigheid mogen geen moment worden verduisterd" (bls. 259).

Vervolgens kom die verhouding kerk-staat aan die beurt. In hierdie verband word aan die volgende aandag gegee: die eed, die owerheid, wêreldmyding en anargisme. Dit word gevolg deur 'n bespreking van die inkarnasie en die leer van die sieleslaap. Belangrik is ook 'n hermeneutiese gedeelte waarin uit Calvyn se werke duidelik word wat sy standpunt is t.o.v. die verhouding van die Ou- en Nuwe Testament, oor die Bergrede en die verhouding van Woord en Gees en waarin hy met betrekking tot al hierdie sake van die dopers verskil.

Aan die einde van sy boek kom Balke o.m. tot die volgende konklusies:

1) In die kritiese verwantskap tussen Calvyn en die dopers wat betref die beklemtoning van die lewensheiliging, die tug en die vryheid van die kerk kom die nuanserings wat daar tussen dié twee bestaan, duidelik na vore.

2) Omdat die regverdiging deur die geloof by die dopers nie sentraal staan nie, loop hulle gevaar om dit tot 'n nuwe wet te verhef.

3) Die dopers se liefde vir God en sy koninkryk en hulle eerbied vir die H. Skrif neem Calvyn in sy reformatoriese praktyk op, sonder dat hy daarmee die regverdiging deur die geloof uit die sentrum wegskuif.

4) Die taak rus nou op die geestlike erfgename van die dopers om vas te stel of die beeld wat Calvyn van hulle voorgangers geteken het, juis is.

Die skrywer bied ons hier 'n monumentale werk wat nog lank deur kerkhistorici sowel as deur dogmatici geraadpleeg sal word. Dit verryk die leser se kennis van die veelbewoë tyd ná die Hervorming en dit verruim sy perspektief met betrekking tot baie van die sake wat vandag ook nog hoogs aktueel is.

P. G. GEERTSEMA

**ZUIWER VAN HART EN VUIL VAN HANDEN. Prof. G. C. van Niftrik en Hoofdaalmoezenier F. J. W. A. Sampers. J. M. Voorhoeve, Den Haag. Slapband 60 bladsye.**

In die boekie word 'n tweetal artikels opgeneem. Van die bekende prof. van Niftrik: Innerlijkheid en Engagement. Die nuwere tyd en veral die teologie laat die soeklig op die **daad** van die Christen val. Prof. van Niftrik gaan op hierdie aspek in. Dit gaan om mense wat op die terrein van die etiek onseker geword het. Die regte verband tussen geloof en lewe moet duidelik beklemtoon word.

Hy gaan op hierdie saak in n.a.v. Ps. 15 — rein van hande en suiwer van hart — en van hieruit behandel hy die kwessie as 'n godsdienstige vraag, want dit gaan om **God en mens,** waarby die vraag na ons etiek en moraal inbegrepe is. „De vraag naar de betekenis en waarde van het handelen onzer handen is de vraag naar God en naar onze relatie tot God."

Verblydend in die artikel veral is die klem wat hy in die hele saak van etiese handeling lê op die voortdurende oefening van die geloof, bywyse van die „wekelijkse kerkdienst — de liturgie, de meditatie, de aanbidding en het loflied". Dit is noodsaaklik, omdat etiese handeling **geloofshandeling** moet wees.

In die proses van die etiese handeling doen mens altyd weer vuil hande op — en is die terugwerp op die genade van God 'n onmisbare element. Van Niftrik begaan dan ook nooit die fout om 'n finale antwoord op die problematiek van die Christelike etiek te gee nie.

Die artikel van Sampers, Evangelie is geen actieprogram, bied 'n goeie afronding vir die boekie. Hy worstel met die probleem van die spanning tussen geloof en lewe. Tereg betrek hy die twee egter op mekaar, maar nie so dat „de evangelie vaak gehanteer (wordt) als een boek met recepten voor iedere kwaal". Uit die aard van sy werk (Sampers is verbonde aan die Sociale Werken in Limburg) het hy meer interesse vir die sosiale aspek van die evangelie, en mis die teoloog dadelik by hom die basiese stelling van die taak en opset van die evangelie self. Sy uitgangspunt is om te let op die besondere lewenswyse van Jesus, sy wyse van denke oor die mens in sy bestaan, en wat Hy gedoen het aan die verworpene en uit-

gestotene. „Het evangelie moet door ons zijn heengegaan, maar evenzeer het leven in al zijn facetten van liefde, verwondering, ontroering en vreugde." Hierdie saak koppel hy dan aan 'n pastorale brief van die Nederlandse biskoppe, wat sê: „Wy zullen dan gaan geloven, in elk stukje goedheid, elk stukje gerechtigheid, elk stukje vrede dat waar ook ter wêreld van de grond gebracht kan worden."

Nog 'n voorbeeld waar die aksent anders lê as wat die teoloog graag sou wou hê, is wanneer hy dit oor „gelovig zijn" het, en daarby ons deel van „werken aan het heil dat komen moet". Mens soek dan in die geloof daardie element van **vertroue in God,** die God wat in Jesus Christus reeds so baie gedoen het; want hierdie vertroue is 'n ontsagtelike deel van die geloof.

Nietemin wil ons nie afdoen aan 'n baie interessante boekie nie. Dit is beslis lesenswaardig.

C. J. VILJOEN

**Spoelstra, Pont, Keet, KERKGESKIEDENIS STANDERD 9, Interkerklike Uitgewerstrust, Pretoria, Potchefstroom Kaapstad, 219 bladsye, prys R3,50.**

Hierdie uitgawe is nog 'n handboek in die reeks boeke vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde wat opgestel is in opdrag van die Interkerklike Komitee vir Onderwys en Opvoeding. Die opstellers van hierdie werk was prof. dr. B. Spoelstra van die Gereformeerde Kerk, ds. G. R. Keet van die Ned. Geref. Kerk en prof. dr. A. D. Pont van die Ned. Hervormde Kerk, terwyl mev. J. G. van Niekerk, voorheen dosente in Bybelkunde en Godsdiensonderrig aan die Goudstadse Onderwyskollege en mnr. M. J. J. Erasmus, Senior Dosent — Godsdiens onderrig en Bybelkunde, Pretoria Onderwyskollege ook meegewerk het.

Die skrywers het 'n tematiese eerder as kronologiese indeling van stof verkies en het, myns insiens, so in hulle doel geslaag om in 'n kort bestek 'n goeie oorsig oor die geheel van die Kerkgeskiedenis te gee. Tereg het die skrywers die „insig in kerkegeskiedkundige verband belangriker (geag) as 'n kroniekmatige weergawe van feite, name en datums."

Dit gaan vir die skrywers om die sin van die gebeure by die leerlinge tuis bring. Baie duidelik geld die Reformatoriese beginsel van die „sola scriptura" ook as gestel word „dat hierdie geskiedenis die Bybel as die sentrale pool van sy beskrywing neem."

Uit die vier en twintig hoofstukke waaruit die boek bestaan, word drie en twintig hoofstukke gewy aan Algemene Kerkgeskiedenis en die geskiedenis van die Kerk in Wes-Europa en dan by

name Duitsland, Switserland, Frankryk, Engeland, Skotland en Nederland. Die tydperk wat gedek word beslaan die agtien eeue vanaf die vestiging van die kerk tot aan die begin van die negentiende eeu.

Dit bied wel deeglik 'n duidelike oorsig oor die betrokke tydperk. Hoewel daar noukeurig rekening gehou moet word met die feit dat daar in feite maar slegs oorsigtelik geskryf kon word, moet tog opgemerk word dat daar hier en daar misverstand kan ontstaan vanweë die kortheid van die beskrywings en dat ook 'n eensydige beeld van bepaalde gebeurtenisse gevorm kan word. Om een voorbeeld te noem kan verwys word na bls. 196 paragraaf 3.2 waar kortliks gehandel word oor die afskeidings wat in die vorige eeu van die kerk in Nederland (1834), Skotland (1834) ens. plaasgevind het. Die indruk word gelaat dat die afskeidings alleen maar positief te beoordeel is, terwyl die bestaande kerke alleen maar negatief gesien moet word. Dit kom baie eensydig voor.

Hoofstuk vier en twintig word gewy aan die geskiedenis van die sending in Suid-Afrika. Aan die geskiedenis van die kerk in Suid-Afrika word dus nie aandag gegee nie. Hierdie hoofstuk sou myns insiens beter gepas het in 'n werk waar die geskiedenis van die kerk in Suid-Afrika beskryf sou word. Of sal so 'n werk, as gevolg van die verskille in interpretasie oor ons kerklike verlede, nooit tot stand kom nie? Dit kom my verder ook voor dat daar tog meer gesê kon word oor die sendingwerk van die Nederduitsch Hervormde Kerk as die enkele paragraaf wat daaraan afgestaan is. Oor hoe die Nederduitsch Hervormde Kerk sy sendingwerk onderneem en waarom dit juis so gedoen word, word niks gesê nie.

Van besondere waarde is myns insiens die kort omskrywing van begrippe wat telkens gegee word, asook die samevatting en hersieningsvrae aan die einde van elke hoofstuk. Dit verhoog beslis die waarde van die werk as leerboek vir gebruik in die skool.

Dit maak die werk ook baie nuttig vir gebruik by die kategetiese onderrig van die kerk saam met die bestaande Kerkgeskiedeniswerk van prof. dr. A. D. Pont.

Formeel is die boek goed en netjies versorg en stewig gebind. 'n Hele aantal foto's, afbeeldinge, kaarte, en kerklike simbole met die verklaring van hulle betekenis is besonder waardevol. Ongelukkig, soos dit so dikwels gebeur, kom daar ook drukfoute voor. Die lastigste is miskien op bladsy 193 waar die uitbreek van die Franse Revolusie aangegee word as 1798 in plaas van 1789.

Die werk behoort 'n besondere bydrae tot die opbou van kennis van die kerkgeskiedenis by die leerlinge in ons skole te lewer. Die werk verdien egter om in 'n wyer kring gelees en waardeer te word as net in die skole.

S. J. BOTHA

**MENS EN BIJBEL — Ds. H. Noordermeer — G. F. Callenbach B.V., Nijkerk — Twee Dele — 84 bladsye elk — Sagteband — Prys R2,90 stuk.**

Hierdie twee boekies voorsien in 'n baie duidelike behoefte in ons tyd. Die leserspubliek is nie meer vertroud met die strekking van die Bybelse gedagte oor sake nie, trouens, die Bybelse inhoud self is vir hulle onbekend. Die boekies bied 'n uitnodiging aan sulke mense om weer die Bybel self te lees, en is dan 'n prikkelende en maklik-toeganklike handleiding om die agtergrond en geskiedenis van die gelese gedeelte te verstaan. Nie net te begryp nie, maar ook in die regte perspektief te sien, daar die klem op die groot plan van God met die mens val, soos dit in sy openbaring tot uiting kom.

Die eerste boekie begin met 'n algemeen populêre inleiding op die Bybel self, en behandel enkele formele aspekte, sonder om ooit strak-wetenskaplik te raak. Die eerste hoofstuk begin by die aartsvaders, en gee nie die besonderhede stip kronologies weer nie, maar lê die nadruk op belangrike aspekte wat die aandag moet kry. So word die woestyntog behandel, die rigters en die konings tot by Salomo. Skynbaar sal daar verdere uitgawes verskyn.

Dit is nietemin jammer dat Gen. 1-11 nie ook maar bespreek word nie. Dit sou vir die mens tot wie die skrywe hom rig, van besondere waarde kan wees, want juis oor die dinge daarin vervat, is daar baie vrae.

Die vraag ontstaan egter in Suid-Afrika hoeveel van die mense wat andersinds hierdie boeke sou koop, kans sien vir die Nederlands waarin dit geskrywe is.

C. J. VILJOEN

**DE WARE JOSEF. D. J. Kohlbrugge en J. van der Werf. G. F. Callenbach B.V., Nijkerk — Slapband uitgawe van 109 bladsye — Prys R4,20.**

Prof. Kohlbrugge is hoogleraar te Utrecht, en sy het al heelwat publiseer oor die Oosterse godsdienste. Dr. Van der Werf is predikant in Utrecht. In die voorwoord word vermeld dat die skrywer vanweë 'n onbehae in die bloot moralistiese sy van die geskiedenis van Josef uit Génesis, begin soek het na die „ware Josef". 'n Vergelykende studie is dus gemaak tussen die weergawes in die Bybel en in die Koran. Juis die Koran bied, eie aan sy aard, juis die onpersoonlik-moralistiese weergawe van die bepaalde geskiedenis wat so maklik van toepassing gemaak kan word op die vlak van die suiwer etiese. Die geskiedenis van Josef lewer egter, teen die bepaalde Ou-Testamentiese agtergrond soveel méér, juis ook wanneer die Nuwe Testament daarnaas gelê word. Dit is heilsgeskiede-

nis, vrug van Gods bemoeienis met die mens. Ons het waardering vir hierdie besondere benadering van die onderwerp, waarin so duidelik die populêre benadering van die Josef-geskiedenis afgewys word. Die boek Genesis word in 'n sinvolle verband geplaas t.o.v. sy plek in die tora, die Ou Testament en die Nuwe Testament. Vir hierdie bepaalde deel van die studie was die lang en moeisame weg van die eerste hoofstukke seker nie nodig nie, en mens kan nie sien dat dit veel lig op die saak werp nie. Vir 'n vergelykende godsdiens-studie het die worsteling met die Koran-gedeeltes wel betekenis, en nie net die filoloog en die godsdienshistorikus sal daar veel uit put nie, maar ook die teoloog. „De Islam is een religieuze vormgeving van het leven van de natuurlijke mens." Christendom en Mohammedanisme word veelseggend teenoor mekaar gestel. Die vraagteken wat die skrywers op bls. 107 agter die moderne ontwikkelingshulp in Afrika en Asië stel, omdat dit bloot die „algemene menselijkheid" dien, verdien vermelding.

C. J. VILJOEN